



## **BEITS EN SPUITVERF – MEUBELMAKERS BYEENKOMS HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA 14 SEPT. 2013**

**AANGEBIED DEUR WILLIE MARNEWECK  
ERELID**

### **1. BEITS PROSES**

Ek weet daar is mense wat nie van gebeitste hout hou nie. Nou ja, elkeen is geregtig op sy eie smaak. Maar wat beits aanbetref moet mens erken dat dit veel kan doen om oninteressante houte te verfraai, terwyl dit selfs mooi hout effens meer diepte en karakter kan gee. Selfs hoë kwaliteit nuwe mahonie hout lyk meestal baie bleek, tensy mens bereid is om iets soos twee honderd jaar te wag om die natuurlike patina te laat ontwikkel.




Ek gaan nie prosesse waar wakse, olies, Woodoc , ens. agterna gebruik gaan word bespreek nie. **Slegs spuitaanwending met helder lakker.** Ek vermy ook alle beitse met oliebasis, waterbasis, Woodoc kleurmiddels, ens en gaan net oor **lakkerverdunde beitse** gesels. Dit word in die bedryf “spirit penetrating stain” of “matching stain” genoem.

Hier is ‘n paar dinge omtrent beits:

1. Daar is basies drie beits prosesse
  - **Beits aanwending direk op rou hout:** (penetrenderende beits). Hierdie tipe beits kan of in standaard kleure by firmas soos Chemspec gekoop word (in 5 l blikke of groter) of in drie basiese kleure. In laasgenoemde geval word die verlangde kleur self gemeng.
  - **Beits aanwending bo op reeds geverfde (lakker verf) oppervlaktes:** (aanpassings beits of matching stain). Hierdie beitse kan ook reeds aangemaak gekoop word, weereens in 5l of meer.
  - **Beits aanwending deur beits in die verf te meng:** Tot ongeveer 5% beits kan by helder lakker gemeng word. Dit gee dan ‘n kleur aan die hout wanneer gespuit word. Hoe meer lae verf hoe donkerder die resultaat. Die probleme met hierdie proses is velerlei. Byvoorbeeld, mens vind dat in die hoeke van ‘n artikel dit geneig is om altyd ligter as die omliggende areas te vertoon, druppels wat voorkom is moeilik om te verwyder, en ander probleme. Hierdie proses sal nie verder beskryf word nie.
2. Sekere houtsoorte wil nie ‘n penetrende beits aanvaar nie – dit veroorsaak ‘n kollerige effek. Hieronder val kersie, beuk en andere.
3. Outydse olie- en waterbasis moet vermy word. Dit skep net probleme. Bly sogenaamde SPS oftewel “spirit penetrating stain” Dit is in liter houers verkrygbaar by Paint Sales Warehouse of Silverton Auto Body en seker ook andere.
4. Daar is net drie kleure beits beskikbaar nl. swart, geel en rooi. Daar is wel ook groen, maar dit word net gebruik om hout groen te maak. Met hierdie drie kleure word alle “natuurlike” houtskakerings bereik deur vermenging daarvan.
5. Beits aanwending is ‘n moeilike proses en dinge kan lelik skeefloop wat tot gevolg kan hê dat ‘n perfekte projek in ‘n gemors eindig. Dit is meer van ‘n “swartkuns” as wat mens dink. In die praktyk het ek ‘n eindproduk se prys met 8% opgestoot vir die koste en risiko van die beits prosesse.
6. Beitse vertoon verkillend op verskillende soorte hout. ‘n Besondere beits sal nie dieselfde effek gee op bv. Denne, saligna of mahonie hout nie.
7. Te veel beits wat aangemaak is vir ‘n projek, is nie ‘n verlies nie. Dit kan op ‘n volgende geleentheid weer verder vermeng word.
8. Die hoeveelheid beits wat nodig is sal natuurlik afhang van die oppervlakte wat bedien moet word, maar ook baie van die aantal lae beits wat toegedien moet word.
9. Beits op rou hout gee nie die ware eindeffek nie. Die spuitverf (helder lakker) moet eers aangewend word. Hierdie eienskap is baie belangrik.
10. ‘n Mens se oog kan redelik goed kleure vergelyk, maar nie skat nie. Soos die lig skerper word is mens geneig om die beits te donker aan te wend, en andersom. ‘n Kleurmonster is nodig.
11. Ten slotte moet dit aanvaar word dat die gebruik van beits ‘n morsige storie is. Beskerm die werktafel en jouself teen spatsels en stortings van beits. Gebruik geskikte handskoene. Hou genoeg lappe byderhand.

Stappe om **penetrerende** beits proses aan te wend:



1. Die eerste stap is om 'n voorbeeld van die gewenste finale afwerking te kry. Dit is uiters belangrik dat mens weet wat die uiteindelijke skakering moet wees.
2. Dan moet op 'n stukkie van die hout of fineerbord waarvan die projek vervaardig is gewerk word om die beits te meng.
3. Skat min of meer hoeveel beits gaan nodig wees. Dit is 'n pes om net te min te hê om klaar te maak. Ondervinding is hier behulpsaam maar geen waarborg nie.
4. Gebruik die drie kleure onverdun om die gewenste skakering aan te maak.
5. Gewone oordeel word gebruik om te bepaal waar om te begin. Gewoonlik is geel 'n goeie begin. Voeg bietjie rooi of swart by volgens oordeel. Toets op 'n klein kol op die houtmonster, doen 'n paar lae om dit donker genoeg te kry. Kyk of dit meer rooi of swart nodig het. Na elke toets moet die kol met verf bedek word om die ware kleur te kan sien. Hou aan tot jy tevrede is. Dit kan soms 30 to 60 minute neem om die kleur perfek te kry. Moenie dink dit neem 5 minute nie.
6. Sodra die beits perfek gemeng is bedek 'n redelike plankie as verwysings monster. Spuitverf die helfte van die monster. Hierdie is nou jou **verwysingsmonster**. Die ongespuite deel wys hoe donker die beits aangewend moet word, en die gespuite deel hoe die finale afwerking moet lyk.

7. Indien die beits in slegs een of twee lae donker genoeg is moet dit liever verder verdun word met lakker verdunner. Dit is nodig om minstens drie of meer lae aan te wend om 'n egalige effek te kry.
8. Hoewel penetrerende beits aangespuit kan word (sommige fabrieke dit doen om tyd te bespaar), werk dit baie beter met 'n lap.
9. Alle hoeke en moeilik bereikbare plekke moet eerstens met 'n kwassie geverf word.
10. Smeer die beits aan met 'n lap, wat in 'n bolletjie gevorm is, met lang egalige hale in min of meer reguit stroke. Oorvleuel elke strook. Wag tot een laag droog is en wend dan 'n volgende laag aan. Vergelyk heelyd met jou verwysingsmonster.
12. Indien beits te donker aangewend is op 'n projek kan dit (nie maklik) ligter gemaak. Gebruik 'n skoon lap wat effens klam gemaak is met verdunner en vee liggies oor die te donker areas.

### Stappe om **aanpassings** beits proses aan te wend:

1. Soos reeds genoem kan gewone penetrerende beits gebruik word om beits aan te pas op voorwerpe wat reeds gespuitverf is. Dit geld ook vir houtsoorte wat nie geredelik penetrerende beits wil aanvaar nie.
2. 'n Mens kan 'n klein hoeveelheid nitroselulose lakker by jou penetrerende beits meng (sowat 3%) om dit "dikker" te maak, maar dit is nie werklik nie nodig nie.
3. Aanpassings beits word altyd op reeds geverfde oppervlakte aangewend. Enersyds kan dit op hout wat net met helder lakker gespuit is aangewend word. Andersyds kan dit op hout wat reeds gespuit is, maar te lig met penetrerende beits behandel is, donkerder te maak.
4. 'n Beits verwysings monster moet weer opgemaak word min of meer soos hierbo verduidelik.
5. Die gespuite oppervlakte word eerstens dofgemaak met fyn skuurpapier.
6. Die beits moet verdun word met verdunner sodat dit geleidelik aangewend kan word met 'n spuitgeweer. Die aanpassing kan nie met 'n lap of kwas gedoen word nie. Dit moet aangepuit word.
7. Nadat die aanpassing aangespuit is kan die finale laag lakker aangespuit, sonder enige vedere skuur.
8. Soms wil mens 'n ligte kol in andersins ongebeitste area van 'n projek "dokter". Nadat die eerste laag gespuit en dofgemaak is moet die area rondom die ligte kol gemasker word. Die beits met geskikte kleur word dan met 'n klein spuitgeweer (touch up gun) liggies aangespuit.

## **2. SPUIT PROSES**

### **2.1 TOERUSTING EN ANDER ITEMS**

Daar is talle spuitstelsels beskikbaar, besonderhede waaroor hier nie uitgebrei gaan word nie, want ons sal ons slegs op die outydse hoëdruk - lae lugvloei toespits. Dit benut of die gravitasie vloei of die druktoevoer fles. Die gravitasievloei spuitgeweer is waarskynlik die mees gewilde onder die tuisgebruiker.

- Kompressor. Dit moet minstens 2 PK (2 KW vir ernstige spuitwerk) aangedrewe wees. Die tenk grootte is nie belangrik nie, m.i. hoe kleiner hoe beter. Dit maak verskuiwing makliker en neem minder spasie op. 'n Prys van so R1200 sal die minimum wees om te betaal.



- Lugpyp. Rubber pyp van ¼ “ grootte of groter, geskik vir 10 Bar en lengte van sowat 10 m lank is geskik maar die liggewig heliks plastiek pyp werk eintlik beter. Snelkoppelings aan beide ente is nodig.
- Spuitgeweer. Moet nie die goedkoopste op die mark koop nie, iets teen sowat R600 tot R800 werk goed. Die spuitopening van 1.2 mm werk ook goed.
- Stoffer. Dit is ‘n soort geweer wat gebruik word om dinge skoon te blaas met die druklug.
- Skuurpapier vir dofmaak. Dit kan van 220 tot 400 grint wees. Dit moet nie droog gebruik word, nooit met water terpentyn, ens nie
- Viskositeit koppie. Dit is ‘n eenvoudige plastiese koppie met bepaalde grootte gat onder en kos so R5 of minder.
- Verfsiffies. Dit is van papier gemaak met ‘n siffie onder. Kos so R1 elk.
- Masker. ‘n Masker met dubbelfilter toegerus met geskikte filters kos so R130.

Mengbakkies, maatlepels, borsels, mengstokkies, lappe, handskoene (chemies bestande rubber), ens



## 2.2 SPUITGEWEER VERSORGING

Verstuiwer (atomizer) – gaatjies moet oop wees

Spuitnaald verwyder en ondersoek

Toets voor gebruik – spuit met verdunner

Belug opening (bo op gravitasie gewere). As dit verstopt is staak vloei voortdurend

Laat bietjie verdunner in gravitasie geweer nadat dit skoongemaak is.

Dis nie nodig om vloeistof opening kop elke slag te verwyder om skoon te maak nie

Was dit deeglik met verdunner na gebruik

## 2.3 SPUITGEWEER VERSTELLINGS

Kry geweer ens in orde voor menging van verf

Naald/sneller: verstel die vloeitempo met maksimum trek van sneller (verstelling direk agter naald)

Waaier: verstel die mate wat verf wyer en platter spuit (sykant van geweer)

Lugvloei: verstel hoeveelheid verstuiwing lug (direk langs lugpyp koppeling)

By maksimum trek van sneller moet die hoeveelheid lugvloei optimaal wees. Te veel lug veroorsaak droë sproei, te min lug veroorsaak swak bestuiwing (“atomizing”). ‘n Waaier wat te smal is veroorsaak verf lope en te wyd weer droë verf aan buitekante.

#### 2.4 KOMPRESSOR DRUKKING

Die deskundiges bevel 2,5 tot 3 KPa aan. Nogtans vind ek dat die lugvloei verstelling op die geweer bepalend is.

#### 2.5 MENGING VAN VERF

Nie-reaksie verwe: meng met terpentyn (of lakker verdunner)

Reaksie verwe: meet genoeg verf vir die taak en voeg katalisator by

Verdun en meet viskositeit met viskositeit koppie. (hou die koppie onder die verf sodat bokante rand net onder oppervlakte is. Lig dit heeltemaal uit die verf en tel die sekondes tot dit leegloop) Die korrekte viskositeit is iewers by 14 sekondes.

Syg verf deur siffie (te koop by motorverf handelaars soos Silverton Auto Body)

#### 2.6 VOLGORDE VAN SPUITING VAN VOORWERP

Beplan vooraf (bv tafel blaai)

Spuit van jou kant na weg van jou. Bv. ‘n stoel, eers die bene naaste en dan die bene agter

Plat items soos deure: eers om rande en dan oppervlakte bo

Agterkant (bv deur) eerste of onderkant (bv blad) eerste. Daarne rand rondom en direk daarna die boonste vlak

Passop vir oorsproei

Maskeer sekere dele om oorsproei te vermy of nie te verf (bv tapgate of “biscuit” gleuwe.

Vertikale vlakke – begin bo en werk na links en regs

Stoele – naastekant en dan na agter in vier rigtings (m.a.w. Spuit net vlakke wat na jou wys, draai 90 grade, doen dan volgende stel vlakke, ens

#### 2.7 HOEVEEL LAE VERF

Sommige persone verkies om ‘n skuurseëlaar (sanding sealer) eerstens op die rou hout aan te spuit. Met lakker verf is dit werklik nie nodig nie, die lakker kan direk vir eerste en tweede (d.i. finale laag) gespuut word. So ook vir vernisse en Velvaglo. Emaljies vereis ‘n grondlaag wat of houtgronlaag of lakker kan wees. Natuurlik moet die aanpasbaarheid van verskillende verwe in ag geneem word. Lakker verf kan bv. nie as onderlaag vir Glatex 8 gebruik word nie. Wanneer bv wit Velvaglo op ‘n donker MDF gespuut word mag drie lae nodig wees vir volledige wit kleur.

#### 2.8 DOFMAAK TUSSEN LAE

Dit beteken om die geverfde oppervlaktes met fyn skuurpapier (220 grint tot 600) te skuur tot die oppervlaktes dof is en alle druppels, stoffies, korreltjies, ens glad geskuur is. Wees versigtig om nie deur die verf te skuur op gebeitste items nie

#### 2.10 REGMAAK VAN DEFEKTE NA 1STE LAAG

Skrefies: verf toe met verf en kwassie, skuur wanner droog. Houtvuller kan ook help

Ondeeglik geskuurde plekke op die hout: Dit word dikwels eers opgemerk na eerste laag. Skuur deur die verf tot die hout skrapies verwyder is, spuit net daardie plek. Maak dof oor nuutgespuite plek en dan is dit gereed vir finale laag.

Oorsproei: Soms kan dit met fyn skuurpapier (600 of fyner) weggeskuur word en dan gepoleer word met 0000 staalwol en Cobra politer. So ‘n herstel kan natuurlik nie iewers op ‘n tafelblad gedoen word nie, maar wel om die rand, onder die blad, ens.

Druppels: Wag tot totaal verhard en skuur weg soos hierbo. Weereens beperk to minder opsigtelike dele

Enkele sleg gespuite vlakke: Maskeer al die “goeie” areas en skuur en herspuit die slegte deel.

Klein vlak holtes of gaatjies: Kan dikwels net met lakker en kwassie ingevul word. Skuur deeglik voor finale laag.

In werklikheid kan baie verskillende verfwe aangespuit word. Dit sluit emaljes, vernisse, Velvagro, ens. in. Genoemde tipes word met terpentyn verdun. Dit kan met gemak en sukses aangespuit word maar neem lank tussen lae om droog te word, want dit wag vir die vloeistof (die vervoermiddel) om te verdamp. Poliutetaan soos Plascon se Glatex 8 kan ook aangespuit word maar hoewel dit verhard d.m v. ‘n chemiese reaksie neem dit ook lank tussen lae om te verhard. Die probleem met die verlengde verdrogingtyd is dat onsuiverhede op die geveerde artikel kan beland voor dit droog is.

Daar is egter ‘n aantal helder afwerkings wat snel droog word wat geskik is vir meubel afwerking. Die maklikste produk om te gebruik is sogenaamde nitrosellulose lakvernis. Dit is ‘n gereed vir gebruik produk en benodig net verdunning. Ongelukkig is dit outyds en nie goeie kwaliteit nie. Dit het ‘n taamlieke kort lewensverwagting op meubels (sowat 20 jaar), dit is nie baie gebruikbestand nie, is oplosbaar met lakker verdunner, ens. Sogenaamde reaksie lakker het dit sowat 40 jaar gelede in die meubel bedryf vervang. Hierdie produk is ‘n sogenaamde twee-pak. Dit benodig ‘n katalisator. Verharding is dus ‘n chemiese proses. Die bekende Chemspec Woodline reeks is ‘n voorbeeld hiervan. Nietemin verhard beide produkte baie snel. Op ‘n warm dag kan dit binne 15 tot 30 min weer gespuit word.

Spuitaanwending in die opelug is nie maklik nie, maar die tuispraktisyn het meestal geen ander keuse nie. Dit is wat ek gaan demonstreer met die hoop om diegene wat dit self wil doen, of reeds doen maar baie probleme ondervind, ‘n bietjie te help.

#### Aanwending van reaksie lakker

Nota: Party fabrieke spuit ‘n skurseëlaar (“sanding sealer”) as onderlaag en daarna die lakker. Ander fabrieke spuit lakker direk as grondlaag. Dit werk net so goed en verhoed dat twee stelsels van spuittoerusting nodig is of andersins dat een stelsel voortdurend skoongemaak moet word vir omruiling van verwe.

Reaksie lakker is nie makliker of moeiliker as enige ander verf om aan te wend nie. Die feit dat die snel verdroog is ‘n voordeel, en die kwessie van die katalisator byvoeging is nie werklik ‘n pyn nie.

Eerstens moet daar geskat word hoeveel lakker om te aan te maak met katalisator. Ek werk op die formule van 0,3 l/m<sup>2</sup>. Met goed soos stoele is die verlies van verf groot en dit is moeilik om te skat hoeveel nodig is. Dit is nie ‘n krisis as die gemengede verf te min is nie; meng maar nog ‘n bietjie. Onthou om die verf altyd deeglik tot op die bodem van die houer deur te roer. Nie-glans produkte bevat talkum poeier wat gou afsak tot onder.

Katalisator moet volgens voorskrif afgemeet word en ingeroer word. In die geval van Chemspec moet 4% katalisator ingemeng word. As jy bv. 1 l verf aanmaak sal daar dus 40 ml katalisator nodig wees.

Na vermenging moet die viskositeit verstel word. Lakker verdunner word bygevoeg tot die viskositeit so 12 tot 15 sekondes is, gemeet met die viskositeit koppie. Die vervaardiger mag

18s. aanbeveel maar ek vind dit te dik. Die probleem is dat beide te dik en te dun verf probleme veroorsaak a.g.v. vorming van druppels op vertikale oppervlaktes. Te dik verf gee ook 'n "toffie appel" voorkoms.

Voordat verf in die spuitgeweer gegooi word moet dit deeglik skoongemaak word en getoets word met skoon verdunner. Toets eers sonder die lugpyp en kyk of die straal mooi vloei. Toets dan met die lugpyp en kyk of die waaier goed vertoon op 'n plankie. Die patroon op die plankie moet 'n lang oval toon. Vul dan die houer deur die verf deur 'n siffie te te gooi. Herhaal die twee toetse. Deur die drie verstellings te gebruik kan die spuitpatroon ingestel word:

- Naaldverstelling. Dit is die knop agter die naald. Dit verstel die spoed wat die verf uitvlei deur die spuitstuk (met volle trek van die sneller).
- Lugvloei-verstelling. Dit moet in samehang met die verfvloei gedoen word. Meer vloeistof verg meer lug.
- Waaierverstelling. Dit moet so verstel word dat die waaier so 30 tot 40 grade spuit. As dit te smal is kan oorvleuelde stroke nie netjies gedoen word nie. Te wye waaier veroorsaak oorsproei.

Al die verstellings kan net met oefening reggekry word. Daar is nie iets soos bv 3 draaie links hier en 2 draaie daar nie. Net sukkel tot jy regkom. Intussen moet die kompressor se drukking ook in ag geneem word. Ek stel dit sowat 4 KPa, maar die lugvloei verstelling op die spuitgeweer is vir my belangriker.

Voordat spuitwerk begin word moet al die stof op die werkstuk eers deeglik afgeblaas word met die stowwer en donsrye lap. Dit geld natuurlik ook na dofmaak. Dofmaak beteken om die oppervlaktes wat 'n eerste laag ontvang het met fyn skuurpapier te skuur.

Mens kan "sanding sealer" as eerste laag aanwend, maar ek verkies gewone lakker. Dit werk net so goed en beteken een minder produk om aan te hou. Daar is seker gevalle waar eg. vir 'n besondere rede voordele kan aanbied, maar ek is nie bekend daarmee nie. Die eerste laag bied 'n geleentheid om jou verfprosedure en tegniek te toets. Die finale spuit kan dan hier en daar aangepas word.

Dofmaak (flattening in Engels) is nodig om verskeie redes. Groot plat oppervlaktes kan met 'n orbitale skuurmasjien gedoen word. Pasop net vir daardie klein sirkeltjies! Eerstens wil mens die oppervlakte se glans breek vir behoorlike hegting van die volgende laag. Dan wil mens alle verfloep, druppels, knoppies, tewens alle defekte verwyder. Dikwels is daar 'n "krakie" waar twee houtkomponente ontmoet – dit moet aandag kry. So ook klein gaatjies en ander defekte. Dit kan met 'n klein kwassie en lakker opgevolg word en mooi gelyk ingeskuur word. Wanneer die werkstuk gebeits is moet ekstra sorg gegee word om nie deur die lakker te skuur nie, veral op skerp hoeke. Dit sal natuurlik die hout benede die beits blootstel. Mens kan daaraan dink om die werkstuk tweemaal te spuit (kort na mekaar) voordat dofmaak word om lg. probleem te voorkom.

Die maklikste om te leer spuit is op 'n horisontale oppervlakte. Spuit in oorvleuelende strepe. Beweeg die strepe al verder weg van jouself en hou die waaier effens na die oorkant, die help dat oorsproei nie terugval op die gespuite deel nie. As die rand ook geverf moet word (bv tafelblad) doen dit eerste, en doen dan die bokant. Indien die onderkant ook geverf moet word, doen dit heel eerste.

Met vertikale spuit moet die viskositeit "reg" wees. Beide te dik of te dun verf, sowel as te oorvloedige aanwending sal afsakking veroorsaak. Dit is omtrent die ergste probleem wat kan voorkom.



Hier is 'n paar wenke vir vertikale spuitwerk om op te let:

- Stel waaier effens aan die wye kant
- Verf te dik of te dun veroorsaak albei vloei
- Hou die geweer ver genoeg weg van die werkstuk
- Beweeg die geweer vinnig genoeg
- Wag tot die verf vingerdroog is voor dit weer oorgepuit word, as daar bv. droë kolle is, dws voordat daar weer dofgemaak word.
- Dit help geweldig as die lig goed val op die oppervlakte, sodat jy goed kan sien hoe die verf val.

Die binnekant van semi-geslote kaste (net oop voorkant), groot een-stuk items soos boekrakke en items soos stoele is werklik moeilik om te spuit. Vir die amateur is dit haas onmoontlik om die soort artikels suksesvol te spuit, want mens het baie oefening nodig.

#### Aanwending van ander verwe

Verwe soos vernis, poliuretaan, Velvagro, ens. word presies soos lakker gespuit. Die belangrike ding is weer om die viskositeit reg te kry. Die droogtyd is heelwat langer en die werkstuk moet van stof, ens weggehou word tot dit verhard. Elkeen moet natuurlik met die korrekte oplosmiddel verdun word. Velvagro en ander emaljes kan ook met lakker verdunner verdun word.



Algemene wenke om probleme te oorkom en reg te stel

- As druppels op vertikale dele (of op ander plekke) met die eerste laag voorgekom het, wag lank genoeg totdat die druppels heeltemaal verhard het voor dit afgeskuur word.
- As 'n bepaalde deel van die projek sleg gespuit is moet nie die hele ding herspuit nie. Maskeer eerder die gedeeltes wat in gedrang sal kom en herspuit net die slegte deel.
- Partymaal kan die rand van 'n blad wat druppels gevorm het net liggies geskuur word om dit te verwyder en dan met uiters fyn skuurpapier of 0000 staalwol gepoleer word. 'n Bietjie "Cobra" politoer agterna verrig wondere
- Wees uiters versigtig om nie deur die eerste verflaag van gebeitste hout verf te skuur nie. Veral op skerp rande is mens geneig om deur die verf te skuur. Indien dit gebeur kan dit versigtig met die beits en 'n kunstenaar kwassie gedokter word. As dit nie slaag nie, moet die oppervlakte tot op die been afgeskuur word en alles herhaal word (bv. in die middel van 'n blad).
- Moet nie spuit as dit baie koud of warm is nie.
- Sorg altyd dat die spuitgeweer goed funksioneer voor spuitwerk begin
- Filtreer die verf wanneer die geweer gevul word.

SOME FAULTS THAT CAN OCCUR IN SPRAYING.

Effect	Cause	Cure
Dry spray, giving a sandy effect.	Solvents too volatile. Spray gun too far from work. Too much atomizing air.	Add slower solvents. Move closer to work. Reduce atomizing air pressure.
Runs and sags.	Too much fluid flow. Gun too close to work. Movement too slow.	Reduce paint pressure. Move gun further away. Move gun faster.
Uneven coating.	Movement irregular. Uneven overlap. Arcing of gun.	Move at uniform speed. Overlap evenly. Move parallel to work.
Excessive overspray.	Too much air. Uneven movement. Fan width too great.	Reduce atomizing air pressure. Move gun uniformly. Reduce spreader control.
Spattering or orange peel effect.	Lacquer too thick. Air pressure too low. Paint flow too high.	Add thinners. Increase air pressure. Balance paint pressure or fluid flow control.
Cissing or craters in coating.	Oil or water in air supply. Dirty surface.	Drain water trap. Prepare surface properly before spraying.

Source: Plascon